**11 April** **Skrifgedeelte: Matteus 5:33-37**
**HK, Vraag 101**

**Praat altyd die waarheid**

Ons lewe in ’n wêreld vol leuens. Jy weet nooit wat jy kan glo en wat nie. Mense skroom ook nie om onder eed vir jou te lieg nie. Wat is die oplossing? Meer eedswering?

God het die oplossing gegee. Hy het sy Seun gestuur om die valsheid te oorwin en die waarheid te herstel. Hy is die weg, die waarheid en die lewe (Joh 14:6). Hy het ook aan ons die Heilige Gees gegee om ons in die waarheid te lei (vgl. Joh 16:13). Daarom is sy opdrag: “Noudat julle die valsheid afgelê het, moet julle onder mekaar die waarheid praat” (Ef 4:25). As ons altyd die waarheid praat sal mense weet dat hulle ons altyd kan glo en sal dit nooit nodig wees om die waarheid met ’n eed te bevestig nie.

Daar is egter omstandighede waaronder ek moet getuienis lewer voor iemand wat my nie ken nie en daarom ook nie sal weet dat ek altyd die waarheid praat nie, byvoorbeeld voor ’n regter in ’n hofsaak. In daardie omstandighede is dit dan wel geoorloof om met eerbied vir God die waarheid van my getuienis met ’n eed te bevestig. Sulke omstandighede is egter die uitsondering en nie die reël nie. Die reël bly dat mense ons moet ken as betroubare mense wat die waarheid lief het.

Praat vandag en elke dag net die waarheid!

*Sing: Psalm 15:1, 2, 4* *Ds. HB Hattingh (Amanzimtoti)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~